IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N05/1/A1AFR/HP2/AFR/TZ0/XX

88050002

**AFRIKAANS A1 – HIGHER LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 2**

Monday 21 November 2005 (morning)
Lundi 21 novembre 2005 (matin)
Lunes 21 de noviembre de 2005 (mañana)

2 hours / 2 heures / 2 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works will not score high marks.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Traitez un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.

*Skryf 'n opstel oor een van volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Jy mag in jou antwoord 'n bespreking van Deel 2 werke van dieselfde genre insluit, indien relevant. Antwoorde wat nie gebaseer is op ten minste twee Deel 3 werke, sal nie hoë punte behaal nie. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**1.** (a) In die bevredigende tragedie toon die hoofkarakter, direk of indirek 'n karaktergebrek wat bydra tot sy/haar ondergang. Bespreek die stelling na aanleiding van die gelese dramas.

*of*

(b) Die gang van dramatiese gebeure handhaaf 'n fyn balans tussen uiterlike gebeure en karakters se idiosinkratiese reaksie op gebeure. In welke mate is dit waar van die gelese werke?

**Poësie**

**2.** (a) Poësie werk essensieel met 'n ondersoek na beide ons intellektuele en emosionele reaksie op lewensgebeurtenisse. Hoe is dit waar van die gelese werke?

*of*

(b) Digters benut soms die natuur om as 'n spieëlbeeld te dien van menslike emosies. In watter mate dien die natuur as 'n spieëlbeeld of klankbord vir die digter se emosies in die bestudeerde gedigte?

**Roman**

**3.** (a) Alhoewel die temas van die gelese Afrikaanse boeke op die oog af Suid Afrikaanse kwessies aansny, het dit by 'n dieper kyk, universele toepaslikheid. Bekyk die temas van die gelese romans en sê dan of jy saamstem met die bogestelde stelling.

*of*

(b) Daar is talle motiewe agter die optrede van romankarakters: eer, gierigheid, liefde, haat, die seksuele, patriotisme, ensovoorts. Kyk na ten minste twee karakters in die gelese dramas en beskryf hoe vorm en bepaal die motiewe hul lewensloop?

**Kortverhale**

**4.** (a) Die slot van die kortverhaal bevat dikwels 'n onverwagte en verrassende wending. In watter mate is dit die geval met die gelese kortverhale? Hoe kry die skrywer dit reg om die verrassende ontknoping tot die laaste slotparagraaf terug te hou?

*of*

(b) Die kortverhaal as genre is te beknop vir lang, beskrywende karakteriserings van die verskillende karakters. Daarom benut knap skrywers die handelinge van hul karakters om hul te karakteriseer. Deur te verwys na die gelese werke, kan jy saamstem dat karakters se handelinge hulle tipeer?

**Algemeen**

**5.** (a) Gebeure wat hul afspeel in 'n landelike konteks dra dikwels swaar aan konserwatisme en tradsionalisme. Daarteenoor is die stedelike konteks gewoonlik die agtergrond vir brandend nuwe kwessies waar ou waardes dikwels swig voor nuwe sosio-kulturele omstandighede. Hoe geldig is die stelling in terme van die bestudeerde werke?

*of*

(b) In die letterkunde is die gelukkige einde verdag omdat dit gewoon mank gaan aan outensiteit. Daarteenoor neig bevredigende eindes om moeilike kompromieë te bevat. Watter van die gelese werke is vir jou bevredigend juis omdat die slot met menslike kompromieë werk?

*of*

(c) "Deur die lees van goeie letterkunde kry die leser 'n intieme blik op die wyse waarop karakters slaag (of misluk) in die hantering van hul lewens. Dié insig help die leser om eie lewensprobleme beter te verstaan en te hanteer". Hoe voel jy oor die stelling? Kan jy voorbeelde gee uit gelese werke wat jou spesifiek help om jou eie lewe beter te begryp en te hanteer?

*of*

(d) Oorweeg die respektiewelike voordele en nadele van die eerstepersoon en derdepersoon vertellerstegnieke. Verkies jy die een tegniek bo die ander, en indien wel, waarom?